

PULA IMVUILA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



JULIE
2018

Nog 'n ongelooflike NAMPO

Graan SA se skouspelagtige NAMPO landbouskou is 'n week gepak met soveel uiteenlopende ervarings. Dit is regtig moeilik om dit in 'n paar woorde vas te vang!

Dit is genoeg om te sê dat indien jy in alle opsigte in landbou en die landbou waardeketting belangstel, moet jy regtig werklik minstens een dag (verkieslik tweel) op die NAMPO plaas buite Bothaville vir jouself ervaar!

Die uitgebreide uitstalling maak voorsiening vir boerderyondernemings van alle groottes – en hoewel dit Graan SA se inisiatief is, is dit geensins beperk tot die graanbedryf nie – daar is iets wat

die moeite werd is vir almal om te sien en te leer. Al die belangrike rolspelers in die Agrisektor word verteenwoordig en die atmosfeer is een van opgewonde entoesiasme, 'n tyd om die prestasies en vordering wat ons bedryf dinamies en relevant hou, te vier.

Daar is ongelooflike vertonings van plaasvoertuie en toerusting, innoverende idees en demonstrasies van die nuutste toestelle, van die kleinste hommeltuie tot die nuutste saadtegnologie. Daar is 'n wonderlike trekkermuseum wat vele boere terugneem in tyd en daar is 'n baie interessante stalletjie met 'boerepatente' wat die slim vindrykheid van boere se eie ontwerpe en ingenieursplanne vertoon.

Alhoewel dit beslis 'n goeie ervaring vir boere is, is dit ook 'n gesinsuitstappie, aangesien daar baie stalletjies is wat vir dames voorsiening maak, insluitende 'n damesprogram met interessante gesprekke en demonstrasies





OUMA JANE SÊ...

Daar is altyd ruimte vir verbetering, maar nie saak hoe lank jy in die besigheid is nie.” – Oscar De La Hoya. Hierdie aanhaling is baie waar soos ons op die ritte gesien het waartydens ons die drie vlakke van die Boer van die Jaar kompetisie geëvalueer het.

Twee jaar gelede het ons geglo dat die boere so goed was dat hulle nie kon verbeter nie – ons was verkeerd en die boere is nog beter! Om te verbeter, is een van die groot dinge om mens te wees. Elke dag kan ons weer begin en beplan om beter te wees/beter te werk/om ‘n beter werker te wees /om ‘n beter ouer te wees en om ‘n BETER BOER te wees.

Moderne tegnologie help ons ook om beter boere te word. Die tipe saad wat ons kan koop, is so goed dat ons dit opnuut kan gebruik om opbrengste te kry wat ons nooit geglo het moontlik was nie. Dink aan onkruidbeheer – ‘n paar jaar gelede het baie van ons boere onkruid met die hande uitgeroei; gestaan op die land in die son en onkruid uitgegrawe. Nou spuit ons voor en na ons plant en weer gedurende die groeiseisoen – en daar is geen onkruid nie. Wat ‘n groot verbetering – beide in terme van die oes en ons lewens. Nie meer rugbreek werk in die son nie!

Baie van julle was by NAMPO – die grootste landbouskou in Afrika. Ons hou elke jaar van NAMPO, omdat ons nuwe dinge kan sien. Daar is altyd nuwe toerusting, nuwe chemikalië, nuwe tegnologie en nuwe idees. Alhoewel ons nie almal op dieselfdevlak kan wees nie, solank ons verbeter, doen ons baie goed. Ons moet daarna streef om vooruit te gaan – selfs net ‘n bietjie elke jaar.

As boere is ons optimisties en ons het ‘n manier om uit te sien om die volgende oes te plant. Ons glo ook dat die volgende oes ‘n goeie een gaan wees. Ons wil dit nie aan toeval oorlaat nie. As jy onkruid onder beheer hou, koop goeie saad en kunsmis, plant op die regte tyd en gaan voort om die onkruid te beheer. Jy sal ‘n uitstekende kans hê om die goeie gewas waarvan jy droom, te hê.

Dit is tyd om te beplan vir die komende seisoen. As jy deel is van die Jobs Fund, maak asseblief seker dat jy betyds jou geld inbetaal, sodat ons jou insette vroegtydig kan ontvang. Ons hoop altyd op vroeë reëns en wanneer dit reën, sal jy dadelik wil plant!

Sterkte vir jou oes – ons glo dat jy ryklik beloon sal word vir jou pogings in die vorige seisoen. Klop jouself op die skouer en bedank jouself vir die bydrae wat jy maak om ons mede-Suid-Afrikaners te voed. As jy nie kos produseer nie, sal ons broers en susters nie kos hê nie. Wees geseënd!

Nog ‘n ongelooflike NAMPO

en die kinders word getrakteer met verskillende keuses van aanloklike trekkers waarop hulle saam met pappa kan klim en naby ervarings met perde, beeste en skape. Die stoettelers bring hul trotse diere na NAMPO om ons oor hul rasse in te lig en hul pragtige diere te wys.

Afgesien van alles wat daar is om te sien, is dit ook ‘n goeie tyd om mense te ontmoet en met soortgelyke mense te netwerk wat ook in die sektor belê. Dit is oomblikke waar ‘n mens van ander boere of mentors kan leer en die brein van top deskundiges in hul veld kan tap oor kwessies wat wissel van insette en produksie, tot verwerkings-, berging- en bemarkingsuitdagings.

Ontmoetings met passievole boere is inspirerend en gee ons energie om voort te gaan met die taak van transformasie en ontwikkeling.

Graan SA Boereontwikkelingsprogram, bestuurder Jane McPherson en Graan SA se vise-voorsitter, Preline Swart, oor die rol van vroue in landbou gepraat het. Jane het gesê: “Ons wil nie voel dat mans ons in die sektor verdra nie, ons wil daar wees om ‘n intellektuele bydrae te lewer.” Sy het ook daarop gewys dat ons ‘n holistiese oplossing nodig het – toegang tot finansiering, toerusting en insette – om meer vroulike betrokkenheid in die sektor aan te moedig.

Natuurlik het hulle albei baie te sê gehad oor die belangrikheid van boereontwikkeling en transformasie in die sektor.

Daar is altyd ‘n groot gesprek in die gewilde Graan SA ledessaal. Dit is waar alle boerelede welkom is om heen te gaan vir ‘n kopkie koffie of koeldrank en ‘n gesprek met die Graan SA spanbestuurders en mentors te hê.

Daar is altyd lekker om ons lede van aangesig tot aangesig te ontmoet. Ontmoetings met passievole boere is inspirerend en gee ons energie om voort te gaan met die taak van transformasie en ontwikkeling. In die woorde van ons programbestuurder, Jane McPherson: “As ons die paradigma in ons gedagtes kan verander om almal uit te reik, kan mans en vroue, groot en klein, ‘n wonderlike land bou, ons gaan dit nie aan die politici oorlaat nie, dit is ons land en dit is in ons hande om ‘n verskil te maak”.

‘n NAMPO ontmoeting inspireer ons weer om te streef na huishoudelike voedselsekuriteit en die geen-honger doel en om uit te reik en hande te vat met die wonderlike graanboere van Suid-Afrika. Hopelik onmoet ons jou volgende jaar!

Die fantastiese inisiatief ‘Nasie in Gesprek’ het ‘n belangrike platform geword waar sektorleiers, ekonome, politici, boere en ander rolspelers kontemporêre en selfs omstrede kwessies uittrap. Paneelbesprekings vind plaas dwarsdeur die NAMPO week in die TV ateljee op die terrein en leiers van Graan SA, soos uitvoerende hoof Jannie de Villiers, is gereelde paneeldelede.

Ek was bevoorreg om die paneelbespreking by te woon wat deur Rozanne McKenzie gefasiliteer is, waar leiers in ons

Artikel verskaf deur Jenny Mathews, Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting, stuur ‘n e-pos na jenjonmat@gmail.com.





VERHOOG GRAANPRODUKSIE MET PEULGEWASSE

Baie boere in die ontwikkelende sektor besef vandag dat peulplante, soos sojabone, grondbone, droëbone en akkerbone, 'n beduidende bydrae kan lewer om hul bewerkingstelsel te verbeter.

Meer graanboere moet bewus word van die voordele wat hierdie gewasse inhoud om by te dra tot die verlaging van risiko en om die winsgewendheid van die boerdery te verbeter. Die voordele kan op die volgende wyse gekategoriseer word:

Agronomiese waarde

Bevorder grondvrugbaarheid

Peulgewasse kan grondvrugbaarheid verbeter deur hul spesiale vermoë om atmosferiese stikstof in die grond te bind. Stikstof vorm 'n belangrike komponent van chlorofiel, wat noodsaaklik is vir fotosintese.

In hierdie proses word sonlig gebruik om water en koolstofdioksied in voeding te omstekp, byvoorbeeld suikers soos glukose. Suiker is noodsaaklik vir die groei en ontwikkeling van die plant. Stikstof vorm ook 'n belangrike komponent van aminosure, wat die boustene van proteïene is. Geen plant kan sonder

proteïene bestaan nie. Die bind van atmosferiese stikstof verminder die behoefte aan chemiese kunsmis, met beduidende insetkoste besparings vir die boer.

Beperking van peste en siektes

In rotasie dra hierdie gewasse by tot die vermindering van verliese wat veroorsaak word deur plae en siektes. Waar grondbone byvoorbeeld geroteer word met mielies wat besmet is met Diplodia, sal die patogeenvlakke met verloop van tyd verminder, omdat die patogeen slegs mielies kan besmet.

Inokulum is die infektiewe strukture van 'n siekte wat oorleef in plantreste en grond. Hierdie strukture kan siektes in die volgende gewas veroorsaak. Rotasie met grondbone (wat 'n nie-gasheer is) veroorsaak dat die patogeen nie 'n lewensvatbare gasheer het waarop dit kan infekteer en voortplant nie, wat lei tot die uiteindelike afname in inokulumvlakke. Die nie-gasheer dienooreenkomsdig, bied ongunstige toestande aan die patogeen.

Ekonomiese waarde

Geleenthede vir verhoogde inkomste

Peulgewasse kan inkomstegeleenthede verhoog.

Goeie kwaliteit rooi gespikkeld suikerbone byvoorbeeld, kan kommoditeitspryse so hoog as R12 000 per ton behaal en selfs meer. Plaaslike vraag na hierdie kommoditeit oorskry tans plaaslike aanbodvermoë. Die gemiddelde droëbone wat gedurende die vorige vyf produksieseisoene in Suid-Afrika geproduseer is, staan op 59 500 ton. In vergelyking met plaaslike verbruik, is die vraag 137 712 ton, wat 'n tekort van 78 212 ton droëbone verteenwoordig.

Groot hoeveelhede droëbone word dus elke jaar ingevoer, hoofsaaklik uit China. Hierdie tendens skep 'n geleentheid vir uitbreiding en veral vir ontwikkelende boere wat in gesikte produksiegebiede geleë is, om die mark te betree.

Die tekort in plaaslike produksie skep 'n geleentheid vir uitbreiding en veral vir ontwikkelende boere wat in gesikte droëbon produksiegebiede geleë is, om die mark te betree.

Help om risiko's by produksie te beperk

In 'n produksieomgewing bekend vir sy hoë risiko's, bied peulplante 'n geleentheid om te diversifiseer. Die plant van 'n wyer verskeidenheid gewasse, impliseer die verspreiding van die boere se risiko van sy insette, opbrengs en inkomste in 'n land wat bekend is vir sy wisselvallige boerdery. Gewasse soos akkerbone is byvoorbeeld aangepas vir moeilike boerderyomstandighede, wat selfs onder moeilike klimaatstoestande voedsel kan produseer.

Voedingswaarde

Die hoë voedingswaarde van peulgewasse is bekend (**Tabel 1**). Hierdie gewasse is 'n uitstekende bron van proteïene en vesel. Daarbenewens is peulgewasse 'n goedkoop bron van proteïene, vitamiene en minerale en word dit selfs as 'n perfekte plaasvervanger vir vleis beskou. Tabel 1 gee 'n duidelike aanduiding

Tabel 1: Die proteïeninhoud van sommige peulgewasse in vergelyking met die proteïeninhoud van mielies.

Gewas	Droë proteïeninhoud in saad (%)
Grondbone	24 - 26
Akkerbone	22 - 24
Droëbone	17 - 22
Mielies	8 - 12

Bron: MRC Voedselsamestellingstabelle



Mnr Johannes Simelane in 'n goed gevestigde blok suikerbone. Hy het die gewas geplant in 2013/2014 op sy plaas Mpembe, in die Balfour-distrik, Mpumalanga.

PEULPLANTPRODUKSIE

van die proteïneninhoud van sekere gewasse in vergelyking met mielies.

Produksie van peulgewasse onder droëland verbouing in Suid-Afrika

Alhoewel plaaslike sojabone, droëbone, grondbone en akkerbone wyd aangepas is, toon hulle voorkeure vir spesifieke grond- en klimaats-toestande en sal dit beter op diep en goed gedreineerde gronde presteer.

Droëbone sal byvoorbeeld nie in Limpopo presteer nie, as gevolg van die hoë temperature wat gedurende die somerseisoen (middel November tot middel Maart) voorkom, terwyl grondbone nie optimaal in Ermelo, Mpumalanga presteer nie, omdat die temperatuur te laag is en daglengte te kort en die humiditeit te hoog is.

Let daarop dat droëbone suksesvol in Limpopo verbou word, maar slegs onder besproeiing gedurende die wintermaande in ryvrye gebiede.

Tabel 2 gee 'n uiteensetting van sojabone, grondbone en droëbone, wat die produksiestoestande aandui waarin hierdie gewasse die beste sal presteer.

Binne elke peulgewas bestaan daar egter 'n wye verskeidenheid variëteite (kultivars). Elke kultivar het sy eie, spesifieke eienskappe wat dit beter aangepas en meer gesik maak vir spesifieke produksiegebiede. LNR Graangewasse bestuur 'n omvattende program om kultivars te evalueer vir hul aanpasbaarheid en verskeie eienskappe in die onderskeie produksiegebiede. Tydens die evalueringsproses word kultivars wat die beste



'n Jong groep in 'n land akkerbone by Nokaneng in die noordwestelike deel van Mpumalanga (gedurende die droë seisoen van 2010/2011). Die mielies in die agtergrond sukkel, terwyl die akkerboongewas goed presteer ten spyte van die droë toestande.

opbrengs en kwaliteit vir 'n spesifieke plek in 'n spesifieke geografiese gebied behaal, geïdentifiseer.

Hierdie inligting, wat jaarliks gepubliseer word in die vorm van 'n pamflet (kultivaraanbevelings), kan gratis verkry word vanaf Privaatsak X1251, Potchefstroom, 2521, (Tel: 018 299 6100).

Saadvereistes en aanplantingsriglyne

Tabel 3 toon die plantpopulasie, saadspasiëring binne die ry, hoeveelheid, of hoeveelheid saad per hektaar wat aanbeveel is en saadkoste vir sojabone, grondbone, droëbone en akkerbone. Vir sommige peulgewasse, byvoorbeeld saad van droëbone, het dit 'n baie duur insetkomponent geword.

Tabel 2: Grondvereistes, gesikte produksie areas en optimale plantdatums vir sojabone, grondbone en droëbone.
(Aangepas uit: Neigings in die Landbousektor 2016, DAFF).

Gewas	Grondvereistes	Produksie bydrae per provinsie in 2016*	Optimale plantperiode
Sojabone	Sand leem tot Sand klei (15% - 50% Klei)	Mpumalanga – 47,7% Oos Vrystaat – 34,6% KwaZulu-Natal – 5,8%	Matige areas (Noordwes) Middel November - middel Desember Kouer areas (Oos Vrystaat, oostelike dele van Mpumalanga) Einde Oktober - einde November
Grondbone	Leem sand/Sand leem (10% - 20% Klei)	Noordwes – 42,0% Noord Vrystaat – 28,8% Noordkaap – 22,1%	Middel Oktober - middel November
Droëbone (Suikerbone: Groeiseisoen 109 - 121 dae)	Sand leem/Sand klei leem (15% - 35% Klei)	Oos Vrystaat – 48,0% Mpumalanga – 16,9% Limpopo – 10,6%	Middel November - einde Desember

*Bydrae per provinsie – gebaseer op boere se keuse van gewasse wat die meeste gesik is vir 'n spesifieke area

Tabel 3: Saadvereistes per hektaar en saadkoste van sojabone, droëbone en akkerbone onder droëland toestande.

Gewas	Plant populasie (plante/ha)	Saad spasiëring teen 'n rywydte van 900 mm	Aantal sade/m	Saad hoeveelheid (kg/ha)	Gemiddelde saadkoste/ 25 kg (R)	Gemiddelde saadkoste/h (R)
Sojabone	300 000	35 mm	28	65	850	2 210
Grondbone	80 000 - 100 000	90 mm	11	60	700	1 680
Droëbone (Suikerbone)	130 000 - 145 000	75 mm	12 - 13	60 - 65	1 225	3 307
Akkerbone Regopgroeiers/Rankers	122 000	90 mm	11	15	750	450
	88 000	125 mm	8	10	750	300



Verhoog graanproduksie met peulgewasse

Tabel 4: Inokulante wat ontwikkel is vir spesifieke peulgewasse.

Peulgewas	Spesifieke inokulant om toe te dien	Aktiewe genetiese variante van bakterieë
Sojabone	Sojaboon inokulant (WB74)	<i>Bradyrhizobium japonicum</i>
Grondbone	Grondboon en akkerboon groep inokulant (XS21 groep A)	<i>Bradyrhizobium sp. (vigna)</i>
Akkerbone	Grondboon en akkerboon groep inokulant (XS21 groep B)	<i>Bradyrhizobium sp. (vigna)</i>
Droëbone	Boon inokulant (UD5)	<i>Rhizobium leguminosarum biovar phaseoli</i>

Bron: Stimuplant

In die lig van die hoë saadkoste, is beplanning van die plantproses en die spesifieke hoeveelheid saad dus 'n belangrike aktiwiteit by die vestiging van peulplante. In die geval van droëbone behels saadkoste alleen 38% van insetkoste. (Tabel 5).

Verder, afgesien van behoorlike spasiëring, is plantdiepte (tussen 20 mm en 50 mm diep, afhangende van grondvog en klei-inhoud) ook belangrik om gelykydigte ontkieming te verseker. Ongelukkig word onvoldoende meganisasiestelsels wat tans in die ontwikkelende sektor van Suid-Afrika ontplooい word, 'n groot uitdaging.

'n Gebrek aan goeie planters wat aangepas kan word om die gewas te plant teen die vereiste plantdigtheid en diepte, is 'n faktor wat dit vir sommige boere moeilik maak om aan plantpolulasies soos aanbeveel, te voldoen.

Bemesting van peulgewasse

Soos vroeër aangedui, het peulplante die vermoë om hul eie stikstof (N) te bind, wat die behoefté aan chemiese kunsmis verminder. Hulle het die unieke vermoë om, in simbiose met *Rhizobium*-bakterieë, atmosferiese stikstof te bind om dit aan opvolgewasse beskikbaar te stel.

Hierdie eienskappe maak peulgewasse ideale gewasse wat ingesluit kan word in wisselboustelsels. Voor plant moet peulgewasse deur middel van 'n saadbehandeling geënt word. Let wel: Inokulante is voorafverpakte sakkies wat voordele mikroorganismes bevat wat in 'n draer bewaar word om as 'n saadbehandeling toe te pas.

Die waarde van die enting is dat die inokulant die gewas in staat stel om stikstof te bind teen lae koste. Soos aangedui in Tabel 4, moet inokulante slegs vir die spesifieke gewas gekies word. In die geval van sojabone, sal nie-behoorlike enting beslis lei tot lae N-vlakke wat beskikbaar is vir die plant, wat tot swak opbrengste sal lei, tensy anorganiese stikstofbemesting teen hoë koste toegedien word.

Inokulante moet slegs gekies word vir en toegedien word op die spesifieke gewas soos aangedui in die tabel.

In die geval van akkerbone kom die *Rhizobium* organisme wat verantwoordelik is vir N binding,

natuurlik in Suid-Afrikaanse gronde voor. In die lig hiervan word die ekonomiese voordele van die enting van akkerbone nog steeds bevraagteken.

Kommersiële produsente van droëbone sal gewoonlik nie hul saad inokuleer nie en hou meestal by die aanbevelings van die amptelike kunsmisaanbevelings (sien Tabel 5). As alternatief gebruik sommige droëboonboere *Rhizobium leguminosarum* (Tabel 4) met goeie resultate. Die ekonomiese waarde van enting en N-binding by die produksie van droëbone moet egter verder ondersoek word.

Alle Suid-Afrikaanse gronde is inherent laag in fosfor (P), wat slegs opgebou kan word met uitgebreide kommersiële gewasverbouing. Alhoewel peulgewasse goed reageer op residuale P, moet die vlakke van die grond waarin dit geproduceer word, ten minste 25 mg/kg (Bray 1) wees. By P-vlakke van 15 mg/kg of laer, moet 'n doelgerigte P-opbouprogram geïmplementeer word om gronde wat voorberei is vir peulplantproduksie, te verbeter.

Sojabone is in staat om kalium (K) reserwes in die grond goed te gebruik. Oor die algemeen sal peulplante waarskynlik tekorte van K aantoon in gronde met minder as 60 mg/kg K. Daarom sal peulplante wat in grond met lae K-vlakke geplant word, goed reageer op K-bemesting.



Mev Beauty Skhosana wys haar droëbon-oes op haar plaas Uthembekile naby Balfour. Sy het 'n opbrengs van 1,55 ton/ha behaal en 'n totaal van 35,6 ton in 2014 geoes.

In die geval van grondbone byvoorbeeld, is kalium (Ca) 'n belangrike makro nutriënt vir kernontwikkeling en opbrengsprestasie. Ten einde voldoende Ca te bied, vind die opname van Ca ook direk deur die peule plaas.

Wanneer 'n grondmonster aandui dat die Ca laag is, in 'n geval waar kalk nie nodig is om toe te dien teen versuuring nie, kan kalsium in die vorm van 'n gipstoediening (200 kg/ha - 300 kg/ha) 'n beduidende bydrae lewer tot verhoogde opbrengs van grondbone.

Produksiekoste van droëbone

Tabel 5 illustreer 'n voorbeeld van veranderlike koste aangegaan deur droëboonboere. Die totale veranderlike koste van R8 330/ha beklemtoon die vraag na goeie bestuur van die gewas, wat ook van toepassing sal wees op peulgewasse soos sojabone en grondbone.

Tabel 5: Direkte veranderlike produksiekoste vir droëbone (suikerbone).

Inset item	Spesifikasie	Hoeveelheid/ha	Eenheidsprys (R)	Koste (R/ha)
Saad	RS6	65 kg	1 225/25 kg	3 185
Meganisasie	Diesel en herstel	-	-	1 045
Kunsmis	3:2:1` (32)	200 kg	313/50 kg sak	1 252
Onkruiddoder	Bateleur Gold	1,5 liter	2 038/5 liter	611
Siektebeheer (Saadbehandeling)	Celest XL & Apron XL	81 ml 7 ml	625/1 liter 1 398/250 ml	51 39
Behandeling – Boontjeroes	Sparta plus	500 ml	1 298/5 liter	130
Behandeling – Anthracnose	Amistar Top	500 ml	4 576/5 liter	457
Arbeid	Tydelike werkers	-	-	1 560
Totaal				8 330



PEULPLANTPRODUKSIE

Tabel 6: Gemiddelde opbrengs en prys aan boere wat gedurende 2013/2014 tot 2015/2016 vir mielie-, sojabone-, grondbone- en droëboonproduksie ontvang is. (Aangepas uit: Neigings in die Landbousektor 2016, DAFF).

Gewas	Nasionale gemiddelde opbrengs vir 2011/2012 tot 2015/2016 (ton/ha)	Prys aan boere in Rand/ton*/ produksieseisoen		
		2013/2014	2014/2015	2015/2016
Mielies	4,33	2 626	2 379	3 529
Sojabone	1,55	5 549	4 732	6 217
Grondbone	1,10	8 756	8 234	7 582
Droëbone	1,03	12 277	10 957	12 965

*Inkomste hang af van die produk se kwaliteit en die verskillende grade. Grondboonpryse, byvoorbeeld, sal beduidend varieer tussen keuse, standaard en gebreekte grade



Boere by Puleng in Limpopo word blootgestel aan 'n wye reeks grondbone op 'n wye verskeidenheid proewe op die plaas.

Opbrengspotensiaal en die ekonomiese waarde van peulgewasse

Tabel 6 dui die nasionale gemiddelde opbrengste en inkomste aan wat gedurende 2013/2014 tot 2015/2016 deur mielies, sojabone, grondbone en droëboonboere verdien is.

Opbrengs van peulgewasse vergeleke met die opbrengs verkry uit mielies is relatief laag (Tabel 6). Die prys wat vir hierdie kommoditeite verdien word, vergeleke met die prys van mielies, vergoed egter vir hul laer opbrengs.

'n Verdere afname in die prys van mielies gedurende Oktober 2017 (R1 871/ton – Safex), bied produksie van peulgewasse as 'n lewensvatbare alternatief om te ontgin. Die bekendstelling van peulplante aan 'n bestaande verbouingstelsel, bied ook die geleentheid om die verbouingstelsels te diversifieer en die risiko's in terme van insette, opbrengs en inkomste te verminder. Byvoorbeeld, met goeie bestuur van 'n droëboonoes (suikerbone) kan 'n opbrengs van een en 'n half (1,5) t/ha behaal word.

Kom ons aanvaar dat 'n inkomste van ten minste R12 000 per ton gegeneereer kan word. Aangesien die direkte veranderlike koste R8 330 (Tabel 5) is, kan die winsmarge van hierdie oes $1,5 \text{ t/ha} \times \text{R12 000} = \text{R18 000} - \text{R8 330} = \text{R9 670/ha}$ wees. In die lig van hierdie gunstige verdienste beteken die keuse van 'n alternatief soos droëbone 'n betekenisvolle inkomstegeleenthed gedurende 'n tyd van lae mieliepryse.

Die bekendstelling van peulplante in 'n bestaande verbouingstelsel bied ook die geleentheid om die verbouingstelsel te diversifieer en sodoende die risiko's in terme van insette, opbrengs en inkomste te verminder.

Artikel verskaf deur APN du Toit, LNR Graangewasse, Potchefstroom. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na dutoit@arc.agric.za.



Pula Imvula se Aanhaling van die Maand

*There is always space for improvement,
no matter how long you've been in the business.*

~ Oscar De La Hoya

Ontmoet ons 2018 BOER VAN DIE JAAR GENOMINEERDES (Deel 1)

Dit is weer die opwindende tyd van die jaar waar die genomineerde vir die 2018 Graan SA Boer van die Jaar kompetisie geïdentifiseer is.

Dit moet altyd in gedagte gehou word dat die hoofdoel van hierdie kompetisie nie gaan oor wen nie, dit gaan oor die viering van die leer, groei, ontwikkeling en harde werk van die

duisende boere in die Graan SA Boereontwickelingsprogram.

Dit is bedoel om te dien as 'n baken van motivering en inspirasie vir ons almal om voortdurend te werk om onsself te verbeter om ons doelwitte te bereik, ongeag hoe groot hulle is. Jou doelwit moet nooit wees om genomineer te word, of om iets te wen nie, maar om elke dag, elke maand en elke jaar te groei om

nader aan die opbrengste, winsgewendheid, doeltreffendheid of die doelwitte wat jy vir jouself en jou familie gestel het, te kom. Uiteindelik is dit wen!

Indien jy vir hierdie kompetisie genomineer is, doen jy iets reg en stel 'n voorbeeld aan ander van wat bereik kan word. Met dit wat gesê is, wil ons jou graag bekend stel aan die 2018 Boer van die Jaar genomineerde!

Ons genomineerde is...





Bestaansboer genomineerde



Ndalankululu Jona Zungu

Ndalankululu is in 1948 in die Matshana omgewing naby Wakkerstroom gebore. Hy het grootgeword op die plaas Ogiesfontein naby Wakkerstroom. Ndalankululu se belangstelling in boerdery het op 'n jong ouderdom begin toe hy sy pa op die plaas begin help het om hul mielies te plant en te oes.

Alhoewel hy nog altyd in Gauteng en ander plekke gewerk het, het hy in 2007 teruggekom en besluit om te probeer plant in die hoop om genoeg mielies vir sy huishouding te kry. Nadat hy by Graan SA betrokke geraak het, het hy daarin geslaag om genoeg vir homself te voorsien en ekstra mielies gehad om vir 'n inkomste te verkoop.



Ncamisile Liphine Mdluli

Ncamisile is op 29 Januarie 1958 in Swaziland gebore van haar ouers Agnes en Alfred Hlophe. Sy is getroud met Norman Mdluli en hulle het ses kinders, waarvan vier meisies en twee seuns is.

Haar liefde vir landbou het op 'n baie jong ouderdom ontwikkel toe sy haar ouers gehelp het met plant. Sy het verskeie take gehad in die nedersetting waar hulle gewoon het. Ncamisile het in Julie 2016 amptelik by Graan SA aangesluit, maar voorheen het sy studiegroepvergaderings bygewoon, aangesien sy belangstel in dit wat op die gebied van landbou gebeur. Hierdie hardwerkende dame woon gereeld vergaderings by en neem deel daaraan en haar mentor is beïndruk met haar ywer om in die praktyk toe te pas wat sy geleer het.



Anderson Cetywayo Magidela

Anderson is 'n volydse inwoner van Khanyayo nedersetting en is daar op 28 Junie 1934 gebore. Hy het al lank begin boer, maar toe het hy niemand gehad om hom by te staan met korrekte landbouprakteke nie. Hy het 'n Graan SA lid geword en het baie begin leer oor boerdery.

Benewens die feit dat hy 'n boer geword het, het hy ook geleer hoe om die grond te versorg sodat die grondstruktuur nie verarm nie. Ongeïlukkig kyk die meeste mense, veral diegene wat nie die voorreg het om mentors te hê nie, nie goed na hul grond nie. Anderson is trots om deel te wees van Graan SA en hoop vir die beste in die toekoms.

Ontmoet ons 2018 Boer van die Jaar genomineerde (Deel 1)



Thembie Linah Shongwe

Thembie is op 20 Junie 1966 in Swaziland gebore en het in Swaziland in die Manzini-omgewing grootgeword. Sy het belangstelling in landbou ontwikkel as 'n jong meisie wat haar ouers sien werk het op die lande en verskillende gewasse geplant het om voedsel vir die gesin te voorsien.

Haar belangstelling in landbou het toegeneem nadat hulle by Graan SA betrokke geraak het. Thembie het in 2009 mielies aangeplant, maar het 'n baie klein opbrengs gehad. In 2014 het sy by die Graan SA studiegroep in Breyten aangesluit. Vir haar was dit 'n openbaring, want dit is waar sy daarin geslaag het om waardevolle boerderyvaardighede te bekom.

Verlede jaar het sy 5,3 ton geoes en sien uit om dit nog verder te verbeter. Sy droom om haar eie stuk grond te hé waar sy gewasse kan plant om vir haarself te voorsien en haar produkte te verkoop en eendag 'n volhoubare boer te word.



Jeneth Thembi Shoba

Jeneth is op 5 April 1959 op Zandspruit tussen Ermelo en Piet Retief gebore. Sy het belangstelling in landbou ontwikkel toe sy nog jonk was en haar ouers op die plaas gewerk het. Dit het vir haar duidelik geword dat daar geen lewe sonder landbou is nie.


Sy het in 1994 met mielies en beeste saam met haar oorlede man, Simon, begin boer. Jeneth het in 2014 by Graan SA aangesluit en het boerdery geniet toe sy 'n studiegroeplid van Graan SA geword het. Deur Graan SA het sy vaardighede en kennis op 'n meer professionele en produktiewe wyse opgedoen. Gedurende die vorige seisoen kon Jeneth vir die eerste keer 7,5 ton mielies op 1 ha produseer.



Victor Bumisani Nelson Dube

Victor is op 19 September 1960 gebore en het in die dorpie Dukuza in Bergville, KwaZulu-Natal, grootgeword. Hy het in 2000 begin boer en in 2009 by Graan SA aangesluit, opleiding en studiegroepvergaderings bygewoon en in 2014/2015 was hy deel van die Monsanto/LNR loodsprojek. Hy was sedertdien deel van die Jobs Fund projek.

Victor se begeerte is om 'n kommersiële boer te word. Hy het verskeie opsies oorweeg om sy winsgewendheid te verbeter, van die vervaardiging van springmielies, tot waarde toewoeging soos om stampmielies te maak. Groente en vrugte vorm ook deel van sy boerderybedrywighede.



Alfred Magongo

Alfred is in 1958 op Mooiplaas naby Elukwatinji nedersetting gebore en grootgeword. Sy pa was 'n boer en het mielies, grondbone en soetpatats geplant. Die geld wat uit boerdery verdien is, het gehelp om sy familie te versorg. In 1983 het hy selfstandig begin boer met mielies en ander gewasse soos soetpatats en groente en beeste gebruik om sy bewerkbare grond te ploeg.

Tans verbou Alfred mielies en plant hierdie jaar 7 ha. Hy is 'n baie progressiewe boer wat elke jaar meer en meer uit sy eie sak bydra as deel van die Jobs Fund program. Verlede jaar het hy gemiddeld 6 t/ha behaal op die 7 ha wat hy geplant het.


BOER VAN DIE JAAR



Thenjiwe Mirriam Ngudle

Thenjiwe is op 1 April 1961 op Qolombana in die Tsolo-distrik gebore. Sy het grootgeword in die mielielande, met beeste geploeg voordat sy saam met haar broers skool toe gegaan het. Hier het haar belangstelling in landbou ontwikkel.

Sedert 1982 is Thenjiwe 'n opvoeder by die Laerskool Ngubesizwe in die Qumbu distrik en in 2012 is sy tot skoolhoof bevorder. Hierdie hardwerkende boer het daarin geslaag om goeie opbrengste van hoë gehalte te behaal. Sy is betrokke by Graan SA as een van die lede van die Sityala Sitye Kambi Studiegroep.



Siyavuya Njeya

Siavuya is gebore in die Ntlozelo informele nedersetting in die dorp Mbizana in die Nikhwe munisipaliteit. Dit is waar hy grootgeword het saam met sy familie en waar hy nou nog bly. Siyavuya kom van 'n boerdery familie en het grootgeword waar hy sy familie se diere saam met sy broers en susters opgepas het totdat hy uit die huis was en gaan werk soek het in Welkom in die Vrystaat.


Hy is baie geïnteresseerd in lewendehawe en gewasproduksie en met die hulp van Graan SA het hy groot potensiaal om meer mielies te produseer, tot tussen 5 t/ha en 7 t/ha. Tans het Siyavuya 2 ha mielies geplant.



Mgezeni Richard Hlatswayo

Mgezeni is in 1961 naby Dirksdorp gebore, op die plaas Twyfelhoek. Hy is die derde van twaalf kinders. Sy belangstelling in landbou het begin toe hy nog jonk was en hy sy pa gehelp het om die lande met beeste te ploeg. Dit is ook waar sy liefde vir grond ontstaan het. Mgezeni het ook belangstelling in lewendehawe en gewasproduksie.

Met die hulp van Graan SA het hy groot potensiaal om meer mielies te produseer, aangesien hy verbeter het van die plant van 1 ha tot die 3 ha wat hy tans plant. In die toekoms wil Mgezeni meer mielies plant.



Amos Mfaniseni Kubheka

Amos is op 18 Desember 1955 op Paul Pietersburg gebore. Hy het 'n belangstelling in landbou ontwikkel omdat hy saam met sy oupa geboer het en besef het dat hy 'n boer moet wees om te oorleef en vir sy gesin te sorg. Sy oupa het met vee en kontantgewasse geboer en hom geleer hoe om behoorlik te boer om goeie opbrengste te behaal.

In 2004 tot 2008 het hy by die Graan SA studiegroep by Oshoek aangesluit. Hy het weer in 2014 by die Graan SA studiegroep aangesluit. Hy het besef hy gaan nie sy boerderyaktiwiteite verbeter sonder die hulp van Graan SA en die vaardighede wat hulle hom geleer het nie.



Redaksie

GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Louw Wepenerstraat 46
1ste Vloer
Dan Pienaar
Bloemfontein
9301
► 08600 47246
► Faks: 051 430 7574 ▶ www.grainsa.co.za

HOOFREDIAKTEUR

Jane McPherson
► 082 854 7171 ▶ jane@grainsa.co.za

REDAKTEUR & VERSPREIDING

Liana Stroebel
► 084 264 1422 ▶ liana@grainsa.co.za

ONTWERP, UITLEG EN DRUK

Infoworks
► 018 468 2716 ▶ www.infoworks.biz



PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

Afrikaans,
Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDERS

Johan Kriel
Vrystaat (Ladybrand)
► 079 497 4294 ▶ johank@grainsa.co.za
Kantoor: 051 924 1099 ▶ Dimakatsi Nyambose

Jerry Mthombohi
Mpumalanga (Nelspruit)
► 084 604 0549 ▶ jerry@grainsa.co.za
Kantoor: 013 755 4575 ▶ Emelda Mogane

Jurie Mentz
Mpumalanga/KwaZulu-Natal (Louwsburg)
► 082 354 5749 ▶ jurie@grainsa.co.za
Kantoor: 034 907 5040 ▶ Sydwell Nkosi

Graeme Engelbrecht
KwaZulu-Natal (Dundee)
► 082 650 9315 ▶ dundee@grainsa.co.za
Kantoor: 012 816 8069 ▶ Nkosinathi Mazibuko

Luke Collier
Oos-Kaap (Kokstad)
► 083 730 9408 ▶ goshenfarming@gmail.com
Kantoor: 039 727 5749 ▶ Luthando Diko

Liana Stroebel
Wes-Kaap (Paarl)
► 084 264 1422 ▶ liana@grainsa.co.za
Kantoor: 012 816 8057 ▶ Hailey Ehrenreich

Du Toit van der Westhuizen
Noordwes (Lichtenburg)
► 082 877 6749 ▶ duoit@grainsa.co.za
Kantoor: 012 816 8038 ▶ Lebo Mogatlanyane

Sinelizwi Fakade
Mthatha
► 071 519 4192 ▶ sinelizwifakade@grainsa.co.za
Kantoor: 012 816 8077 ▶ Cwayita Mpotyi

Artikels wat deur onafhanklike skrywers geskryf word, is die mening van die skrywer en nie van Graan SA nie.

BOER VAN DIE JAAR

Ontmoet ons 2018 Boer van die Jaar genomineerdes (Deel 1)

Kleinboer genomineerdes



Nhlanhla Sicelo Mgadi

Nhlanhla is op 3 April 1970 gebore van ouers Muriel en Aron Mgadi, in die Ntabamhlophe Nedersetting op Estcourt. Hy het in 2015 by Graan SA aangesluit nadat hy die pragtige en gesonde mielies van mnr Mbatha, sy buurman, wat reeds 'n lid van Graan SA was, gesien het. Hy het geen verdere motivering nodig gehad om by Graan SA aan te sluit nie en het nooit weer teruggekyk nie.

Om 'n kommersiële boer te word, is Nhlanhla se droom en saam met sy broer, werk hulle aan die opbou van hul boerderykapasiteit en toerusting. Hulle het hard gewerk om te implementeer wat hulle geleer het. Die verbetering is nie net in hektaar en opbrengste nie, maar ook in landboupraktyke en doeltreffendheid.

Hierdie genomineerde is in geen spesifieke volgorde nie.



Mduduzi David Mnisi

Mduduzi is in 1986 in Breyten op die plaas Bankfontein gebore. Hy het grootgeword en in 2010 saam met sy ma op hierdie plaas begin werk. Hy beskou landbou as 'n middel van eie werkskepping en 'n manier om homself uit armoede te kry.

Mduduzi boer onder leiding en mentorskap van sy buurman, Corne Butter en die twee van hulle beplan alles saam. Drie jaar gelede het hy betrokke geraak by die DRDLR REID projek. Aanvanklik het hy 25 ha in die eerste jaar aangeplant, 60 ha in die tweede jaar en het tens 66 ha aangeplant. Elke jaar was baie suksesvol. Deur baie vasberadenheid en harde werk het hierdie boer ander jong boere gewys wat gedoen kan word as jy 'n kans gegee word.

**Artikel verskaf deur Liana Stroebel,
Grain SA Provisiale Koördineerder,
Wes-Kaap. Vir meer inligting, stuur
'n e-pos na liana@grainsa.co.za.**